# Vuur en Flam



## Handelinge 28:1-5

Kom ons lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel sommer saam hieronder:

*"[1]Nadat ons veilig aan wal gekom het, het ons gehoor dat dit die eiland Malta is. [2]Die mense daar was baie vriendelik teenoor ons. Omdat dit begin reën het en koud was, het hulle 'n vuur aangesteek en ons almal daarby verwelkom. [3]Paulus het 'n klomp hout bymekaargemaak en op die vuur gegooi. Van die hitte het daar 'n slang uitgekom, en dit het aan sy hand vasgebyt. [4]Toe die mense die slang aan Paulus se hand sien hang, sê hulle vir mekaar: "Hierdie man moet beslis 'n moordenaar wees. Al is hy uit die see gered, wil die goddelike wraak hom nie laat lewe nie." [5]Paulus het egter die slang in die vuur afgeskud en niks oorgekom nie."*

Ons gaan nie vandag op die teks spesifiek fokus nie, maar eerder op 'n tema.

Hierdie tema is "vuur en flam vir Jesus". Wat beteken dit? Kom ons kyk…

Lees Matteus 5:14-16 om vir jou 'n idee te gee:

*"[14]Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. [16]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

So, om 'vuur en flam vir Jesus' te leef is om jou liggie te laat skyn vir die wêreld. En hoe laat ons, ons liggie skyn? Dis natuurlik deur liefde vir ander mense. Omdat God vir ons baie lief is, moet ons vir die mense om ons ook lief wees. Onthou jy wat Jesus gesê het oor liefde vir God en vir jou naaste? As jy nie kan onthou nie, gaan lees weer Matteus 22:37-39.

Soek die woorde hieronder om jou te help met idees om vir mense te wys dat jy lief is vir Jesus en vir hulle en dat jy "vuur en flam vir Jesus" leef.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | G | F | G | H | K | I | J |
| K | L | M | N | O | P | L | Q | R | O | S | T |
| U | V | W | X | Y | U | Z | I | A | M | B | C |
| D | E | F | G | I | H | I | J | M | P | K | L |
| M | N | O | S | P | Q | S | R | S | L | T | U |
| V | W | T | X | Y | Z | O | A | B | I | A | C |
| D | E | E | F | G | H | O | I | J | M | K | G |
| R | L | O | N | D | E | R | S | T | E | U | N |
| M | N | M | O | E | P | T | Q | R | N | S | T |
| U | V | G | W | E | X | Y | Z | A | T | H | B |
| C | D | E | E | L | I | E | F | W | E | E | S |
| F | G | E | H | I | J | K | L | M | N | L | O |
| P | Q | R | R | E | S | P | E | K | S | P | T |

Respek

Omgee

Troos

Deel

Glimlag

Ondersteun

Komplimente

Help

Lief wees

Luister

